

Donkie gedigte

Limerieke vir Langoor

Suenel Holloway

'n Donkie is altyd jou beste maat
Hy staan jou graag by met woord en daad
Vol wysheid is daai lang ore van hom
'Ek's reg om te luister', sê hy, 'kom'
En dan gee hy jou sulke wyse raad

'n Donkie is 'n dier met wie mens kan praat
Hy's geduldig, verstandig en ken elke straat
Hy vervul al sy pligte
Deel al sy insigte
En vergewe jou alles al is jy 'n vraat

Die eseltjie

Susan Kotze

Trippel, eseltjie, trippel;
huppel, huppel, huppel.
Wip, karretjie, wip,
Spring-spring oor 'n klip.
Hou, mannetjie, hou;
waar's jou hoed dan nou?
Hy lê in die paadjie
bo-op mier se gaatjie.

Donkies in die dam

Grethe Botha

In die water droom ons
rustig bymekaar
snuffel waterblommetjies
en knibbel aan die gras.

Kniediep in die water
smul ons aan die blaartjies,
om ons kwaak die paddakoor
en sing die tortelduifies.

Eseltjiesrus

Grethe Botha

Klop-klop kom hul aangestap
speel-speel met hul koppe,
Fluweeljasse wollerig vaal
Met 'n donker kruis

Sagte oë loer vir jou
Deur 'n stoute kuifie
stamp-stamp kom hul kennis maak,
warm flank vol liefde.

'Sit jou wang hier teen my sy,
vryf my lange ore,
rus en vrede wil ek gee
en my goue hart.'

lenkie, pienkie, ponkie!

Sita

lenkie, pienkie, ponkie!
My papa het 'n donkie
Sy oortjies staan so sie-kom-sa!
Sy stertjies staan so wie-weet-wa!
Sy liedjie gaan so hie-ha-ha!
Ou ponkie-donk van Pa-pa-pa

